DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


**Eredienste begin *09:30***

**26 November 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Johannes 1: 1 - 14** |
| **Tema** | ***Jesus Christus word 'n mens, vir ons!*** |
| **Sang** | **Lied 365: 1, 2, 3**<br>**Lied 188: 1, 3**<br>**Skrifberyming 5-3: 1, 2**<br>**Skrifberyming 2-4: 3**<br>**Lied 354: 1, 4**<br>**Psalm 33: 5, 6**<br>**Lied 367** |

**Die lig wat die Heilige Gees deur Johannes aanskakel, is die lig van die Woord. Die middelpunt waarom alles draai, is dat die Woord die Lig vir die wêreld is. Hier kan sprake wees van die Skeppingswoord, naamlik God wat alles tot stand gebring het. Dit kan ook die Evangeliewoord wees, naamlik die blye nuus van ons verlossing deur Jesus Christus. Dit kan ook Verkondigingswoord wees, naamlik die Heilige Gees as die drywer van die Woord (2 Pet 1:21).**


**As jy voel jou verhouding met God wankel, roep Johannes 1 vers 14 ons op om te konsentreer op Jesus se:**

**1 … menswording … "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon." Die ewige Seun van God het mens geword (letterlik: "vleis" geword). Die Sondelose, Jesus Christus, kom na die sondegebroke wêreld toe. Hy kom kruip in doeke in – doeke in die krip, doeke in die graf. Hy was 'n mens met 'n liggaam van vleis en bene, 'n mens wat honger was, seergekry het en gehuil het. Daarom verstaan Hy ons swakheid, probleme en pyn. In Jesus sien ons Gods Woord in aksie. As God praat, gebeur daar altyd iets en is daar beweging, ontwikkeling, groei en lewe . Die léwe is gered!**

**2 … sy Godheid … "Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het …" Jesus het die heerlikheid van God geopenbaar. Eksodus 33 sê dat niemand die heerlikheid van God kan sien en lewe nie, maar die mense kon God deur Jesus sien. Hy het wonders gedoen, Hy staan op uit die dood en vaar op na die hemel. Waar die heerlikheid van God die dood sou bring, bring Jesus se openbaring van God se heerlikheid die ewige lewe. God wat mens geword het, het ook God gebly. Hy troos in hartseer en pyn deur sy Gees, maar bring ook uitkoms as Almagtige!**

3 ... en die inhoud van sy openbaring! Vers 14 sluit af met die woorde: "... vol genade en waarheid." God openbaar Hom deur Jesus. Die openbaring word saamgevat in die woorde "genade en waarheid". God het ons sonde vergewe op grond van die werk van Christus. Hy dra die straf van God in ons plek. Ons verdien niks nie. Genade kan egter nie sonder waarheid bestaan nie. God eis steeds gehoorsaamheid aan Hom alleen. Omdat ons genade ervaar, moet ons dankbaar wees en waarheid nastreef. Ons moet die waarheid in die Woord soek, verstaan en uitleef. Ons moet gelei word deur die Gees en waarheid, sodat ons nie die nuwe verhouding met God verbreek nie. Sy genade is vir jou genoeg in voorspoed en in teenspoed.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat steeds herstel na die laaste behandeling. Baie seën vir jou en geniet die kuier in Nederland.
* Ons is dankbaar dat die einde van die eksamen aangebreek het. Ons bid ons kinders en ouers 'n baie geseënde rustyd toe.
* Ons bedank u uit die pastorie vir die bystand, meelewing, ondersteuning en liefde wat ons die af gelope jaar van u ontvang het. Ons dank die Here wat ons gemeente vasgehou en gedra het. Mag almal wat op die pad gaan wees 'n voorspoedige rit ervaar en veilig terugkom. As u tuisbly bid ons dat u rustige tyd sal deurbring.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 26 NOV 2023

**Diensbeurt:** Wyk 18
**Ouderling:** Dewald Hattingh

**Katkisasie:** GEEN KATKISASIE
**Diaken:** Sarie Hattingh

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie na die Desember vakansie sal hervat.**

Hou asb die Basuin dop vir datums.






# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (Do) 30 Nov | **Stephan du Plessis** | **54** | **B** | **084 491 1165** |
| (Sa) 20 Des | **Hennie Combrink** | **38** | **B** | **073 318 8142** |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Di) 28 Nov | **Gideon & Annemie de Klerk** | 36 | **082 805 8947**<br>**082 806 3190** |



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer, sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.**

**Psalm 119:33**

## KERSDIENSTE

**Die Kerkraad het besluit dat ons gemeente op 24 Desember 2023 om 09:30 'n Kersdiens sal hê, maar nie op die 25ste nie.**

**Lidmate wat wel op Kersoggend 'n Kersdiens wil bywoon kan by enige van die volgende gemeentes inskakel:**

| | |
|---|---|
| **GKSA Pietersburg-Noord** | **Erediens tyd: 09:00** |
| **NHKA Welgelegen** | **Erediens tyd: 08:00** |
| **NG Kremetart** | **Erediens tyd: 08:00** |
| **NG Noord** | **Erediens tyd: 08:00** |

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## PASOP vir die valse profete.

**... As iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is Hy!’ moet julle dit nie glo nie. 24Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei.**



## Ken die vervalsing

**Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie?**

**Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun verloën 1Joh 2:22**

**Word Christus se sterwe, begrafnis en opstanding verkondig?**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG VERVOLG)



## PASOP

Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. 15Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. 2 Kor11:15

Erken nie sonde nie – mens is goed

Voorspoeds Godsdiens

Geestes wêreld

Israelvisie

World Transmormation Movement – Biological transformation



**Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. 2Pet 3:18**

**Ken jy 'n vriend wat 'n valse godsdiens aanhang.**

**Kontak die Evangelisasiekommissie by 083 457 1711, om saam in gesprek met so 'n persoon te gaan.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*En die Woord het vlees geword*
*en onder ons kom woon,*
*en ons het sy heerlikheid aanskou,*
*'n heerlikheid soos dié*
*van die unieke Seun van die Vader –*
*vol genade en waarheid.*

*Johannes 1: 14*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS